A 4.3 GELOOFSVORMING: JEUG

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Tienie Bosman (Belydenisaflegging)
Ernst Coetzee (Namibië)
Deseré de Beer (Kwazulu-Natal)
Anriëtte de Ridder (Wes-Kaapland)
Fouché de Wet (Jeuginisiatiewe:#Imagine) (sameroeper)
Nardus Greyling (Oos-Kaapland)
Francois Lambrecht (Vrystaat)
Santie Nel (Noord-Kaapland)
Corné Randall (Noordelike)
Nico Simpson (Bybel-Media)
Gert van der Merwe (Hoëveld, Onderwys)
Wikus van der Merwe (Goudland)
Maartje van der Westhuizen (Kategese:Huisgeloof)
Wynand van Niekerk (Kategese)
Gerrit Vosloo (Oostelike)

2. ONS KYK TERUG

2.1 WAAR KOM ONS VANDAAN?

Die Algemene Sinode het in 2015 besluit om 'n oorhoofse taakspan te vestig wat die verskillende aspekte van jeugbediening binne die NG Kerk op 'n nasionale vlak kan koördineer. Die besluit van die Algemene Sinode was as volg:

JEUGBEDIENING (T.8.3.1 bl 1 pt 1, Notule Dag 3 pt 13)
1.1 Die Algemene Sinode vestig 'n Projekspan vir Jeugbediening om in ooreenstemming met die
goedgekeurde Missionale transformasie alle bestaande en moontlike nuwe jeug-subspanne en inisiatiewe te koördineer met die oog op beleidsbepaling en 'n holistiese, inklusiewe ontwikkeling
van jeugbediening.
1.2 Die Algemene sinode versoek die Algemene Steunspan Fondse en Bates om te begroot vir die
werksaamhede van die Projekspan vir Jeugbediening sowel as die subspanne vir Kategese, Jeugnetwerke (#imagine), Jeugnavorsing en Belydenisaflegging.

Hierdie besluit is geneem omdat daar vir etlike jare nie 'n jeugkommissie of taakgroep was wat op Algemene Sinodale vlak gefunksioneer het nie. Die leemte wat dit gelaat het, was op daardie stadium akuut: jeugbediening binne die NG Kerk het gefragmenteerd plaasgevind, taakspanne met opdragte rondom jeugbediening het werk gedoen sonder om van mekaar te weet en streeksinodes het in isolasie gewerk. Gegewe die strategiese belangrikheid van jeugbediening vir die kerk was die besluit 'n belangrike en tydige een.

Om die mandaat uit te voer is die taakspan saamgestel uit verteenwoordigers uit elke streeksinode en verteenwoordigers uit die verskillende taakspanne met spesifieke opdragte rondom jeugbediening: Kategese, Belydenisaflegging, Jeuginisiatiewe:#Imagine, Onderwys en Jeugnavorsing. Hierdie taakspanne sou voortaan as subtaakspanne van Geloofsvorming:Jeug funksioneer.

2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN

2.2.1 KONSTITUERING

Die taakspan het in April 2016 in Pretoria gekonstitueer met verteenwoordigers uit die streeksinodes en subtaakspanne. Die vergadering is gebruik as platform om agter te kom wat op daardie stadium in gemeentes en sinodes gebeur rondom jeugbediening. Op daardie stadium het verskeie fokusareas in meer as een sinode voorgekom, onder meer Kategese, Familiebediening, Skolebediening, kampe en

#Imagine. Daar was egter min tot geen kommunikasie of samewerking tussen streeksinodes rondom hierdie bedieninge en fokusareas nie.

Dit was ook duidelik dat daar slegs in enkele streeksinodes formele jeugstrukture in plek was. Dit het die deel van inligting en bronne bemoeilik en koördinering ‘n haas onmoontlike taak gemaak. Daar is besluit op die volgende werkswyse:

- Die subtaakspanne Kategese, Onderwys, #Imagine, Jeugnavorsing en Belydenisaflegging vergader soos hulle goeddink en soos vereis deur hulle mandaat.
- Die hele taakspan vergader eenmaal per jaar om oor die werksaamhede van die streeksinodes se jeugliggame verslag te doen, om insae te kry in die subtaakspanne se werksaamhede en om holisties saam te dink oor strategieë vir jeugbediening binne die NG Kerk.

2.2.2 JAARVERGADERINGS

Sedert 2016 het die taakspan jaarliks vir twee dae vergader en inligting gedeel, saamgepraat en saamgedink oor die verskillende aspekte van jeug- en familiebediening. Die verskillende streeksinodes het telkens terugvoer gegee oor die bedienings en projekte waarmee daar op streeksinodale vlak vordering gemaak is.

2.2.3 SUBTAAKSPANNE

Die subtaakspanne vir Kategese, Skolebediening, Belydenisaflegging en #Imagine het deurgaans volgens hul eie behoeftes en mandate vergader. By die taakspan se jaarvergadering is vordering, nuwe insigte en toekomsplanne gedeel om raakvlakke met streeksinodes en plaaslike gemeentes te identifiseer.

2.3 WAT ONS AS TAAKSPAN RAAKSIEN

2.3.1 NET-WERK WERK NET

Een van die redes waarom die taakspan in die lewe geroep is, is die gebrek aan koördinering en jeugnetwerke binne die NG kerk. Oor die afgelope vier jaar het daar geweldige groei plaasgevind in die vorming van netwerke, op sinodale en ekumeniese vlak. Ons is gewelding dankbaar dat die lyne opnuut opgetel word, dat mense saampraat en saamdink oor bedieninge wat jongmense raak.

Toe ons in 2016 gekonstitueer het, was daar slegs drie streeksinodes met formele jeugstrukture wat gereeld vergader het. Binne twee jaar het al die ander streeksinodes jeugnetwerke en –strukture gevestig en daar word voortdurend gepoog om dit verder uit te brei.

2.3.2 JONGMENSE EN FAMILIES LÊ NA AAN DIE KERK SE HART

Dit is vir ons verblydend om te beleef dat jongmense binne (en buite) die kerk ‘n prioriteit is en toenemend aandag geniet. Soms word daar tekens van ‘n (onderliggende) angs bespeur dat die kerk gaan doodgaan as ons jongmense nie “in die kerk” kan kry en deel kan maak van strukture nie. Hierdie angs is volgens ons misplaas. In meeste gevalle ervaar ons dat gemeentes en sinodes probeer om op missionale vlak in jongmense se lewens en leefwêreld ‘n verskil te maak. Dit is vir ons as taakspan geweldig positief.

2.3.3 DIE KERK HELP STEEDS JONGMENSE MET WEGBREEKERVARINGS

Kampe en wegbreekgeleenthede is tradisioneel die boontjies en pampoen van jeugbediening. Ons kom agter dat dit steeds die geval is. In streeksinodes is kampe soos skoolverwisselings- en skoolverlaterskampe steeds ‘n fokuspunt. Die groot aantal gemeentes wat jaarliks #Imagine saamtrekke bywoon wys vir ons dat daar steeds ‘n behoefte is om weg te breek en God saam met ander mense op ‘n nuwe plek te ontmoet.

Natuurlik moet daar gewaak word teen isolerende eilandervarings! Maar waar kampe en wegbreke met bestaande bedieninge geïntegreer word, lewer dit groot vrug.

2.3.4 ONS WERK SAAM OP NUWE MANIERE

Ons ervaar ook, soos elders in die kerkstrukture, dat daar min energie is vir vergaderings bloot om te vergader. Baie van die bedienings rondom geloofsvorming vind projekmatig plaas. Spanne kom bymekaar, werk en dink saam, skep materiaal en spat dan weer uitmekaar. Volgende jaar lyk die span weer anders.

2.3.5 ONS BEDIENINGS SLUIT AL MEER FAMILIES IN

Familiebediening bly ’n belangrike benadering wanneer met jongmense gewerk word. Ons ervaring is dat die bediening aan, deur en met jongmense nuwe vlakke van betekenis bereik wanneer daar ‘n holistiese benadering gevolg word wat families betrek.

2.3.6 DIE KERK VAN DIE TOEKOMS LYK ANDERS

Ons sien en ervaar tekens dat daar ‘n groot paradigmaskuif plaasvind rondom mense se belewing van kerk. Die kerk van die toekoms is nie meer net die mense wat Sondae na ‘n kerkgebou toe gaan kom vir eredienste en kategese nie.

3. WAT HET VIR ONS HELDER GEWORD?

Die afgelope vier jaar het ons as taakspan gepoog om ons vinger op die pols van jeugbediening binne die NG Kerk te kry en te meet hoe gesond ons is, hoe ons harte klop, waar die pyne is en waaraan ons wil aandag gee. Ons diagnose is as volg:

3.1 WAARMEE ONS IN DIE KERK TANS BESIG IS

Die polsslag	Wat ervaar ons doen God reeds?	Wat is mense se behoefte?	Wat is ons taakspan se uitgangspunt?	Wat is ons oproep na die kerk?
’n Missionale lewenshouding *Die manier hoe ons leef en werk en liefhet*	God gebruik mense om die wêreld te verander	Gelowiges vra*: Wys ons hoe om hier en nou ‘n verskil te maak, moenie net vir ons vertel nie!*	Gestuurdheid is ’n lewenstyl wat deur geloofspraktyke gevorm word	Skep geleenthede waar jongmense en families missionale praktyke kan inoefen
Skolebediening *Die kerk se betrokkenheid by skole*	God maak deure oop in skole vir die kerk om betrokke te raak	Jongmense in skole vra*: Rig ons en leer ons van die lewe!*	Skole vorm deel van die sentrum van ‘n gemeenskap	Help jongmense om mense te vind na wie hulle kan opkyk
Huisgeloof *Die uitlewing van geloof by die huis*	God werk in en deur huishoudings	Families vra: *Bring ons saam op die geloofsreis!*	Naby verhoudings is belangrik vir geloofsvorming	Verhoog die samewerking tussen kerk en huis
Ouerskap *Hoe ons ons kinders grootmaak*	God roep ouers om ouers te wees	Ouers vra: *Rus ons toe, want ons weet nie altyd nie!*	Ouers is kinders se eerste Bybel	Verhoog die samewerking tussen kerk en huis
Kampe *Wegbreekervarings*	God gebruik bergervarings	Jongmense vra: *Ek wil God ervaar!*	Gedeelde geestelike ervarings saam met vriende verander lewens	Skep kreatiewe en verantwoordelike ruimtes waar ontmoetings en ervarings kan gebeur
Kategese *Hoe die kerk geloof help vorm*	God vorm geloof lewenslank	Mense vra*: Loop langs my op my geloofsreis*	Kategese is dissipelskap, nie (net) klas nie	Ontwikkel lewenslange begeleiding
Netwerke en konferensies *Hoe ons saamwerk en saam leer*	God gee almal iets om te deel	Mense wat bedien vra: *Help my om as leier en dienaar te groei!*	Wysheid lê in spanwerk	Skep geleenthede om te netwerk

#Imagine *Nuwe verbeelding vir ons land se jongmense*	God beweeg oor grense	Jongmense vra: *Gee ons 'n droom vir onsself en Suid-Afrika!*	Bemagtig jongmense om te droom en te glo en te doen	Volg die passie van jong en nuwe drome
Dinkjeug *Waar ons dit wat ons leer met mekaar deel*	God gee vir almal van ons nuwe insigte	Mense in bediening vra: *Ek soek hulpmiddels en onderskeiding vir die bediening!*	Ons het mekaar se insigte nodig om in bediening te groei	Neem deel aan gesprekke en deel insigte
Jong volwassenes *'n Generasie wat ons laat kopkrap*	God maak die venster oop op die kerk van die toekoms	Jong volwassenes vra: *Gee ons verbeelding en gee ons hoop!*	Ons moet luister na jong stories en hulle harder maak	Maak ruimte vir innovasie en nuwe leierskap
Eredienste *Hoe en waar ons as kerk aanbid*	God bring mense saam rondom die tafel	Mense vra: *Ons het behoefte aan dieper saamwees en interaksie!*	Eredienste is inter-ouderdombyeenkomste	Dink nuut oor interaktiewe en inklusiewe liturgie
Roetemerkers *Betekenisvolle gebeure op ons lewenspad*	God vorm geloof by drumpels en deurgange	Mense vra: *Help ons om sin te maak van ons lewensreis!*	Deurgange moet geloofsvormend wees	Ontwikkel roetemerkers om meer lewensdeurgange te merk en te vier
Toerusting *Wat ons nodig het om te dien*	God rig nuwe leiers op	Leiers vra: *Rus ons toe om te dien!*	Goed opgeleide jeugleiers doen beter	Ontwikkel gestandaardiseerde geïntegreerde opleiding

3.2 HOE MAAK ONS VORENTOE?

Die afgelope vier jaar het die NG Kerk onses insiens geweldige vordering gemaak om die energie wat daar vir jongmense is te gebruik om strukture, prosesse en netwerke te vestig. Ons sal graag wil sien dat hierdie vordering en momentum nie verlore gaan nie.

Ons glo dat 'n holistiese benadering tot geloofsvorming 'n belangrike sleutel is vir sinvolle jeugbediening. Die taakspan se keuse vir 'n naam is nie toevallig nie. Ons wil met hierdie benadering poog om te help om die angs aan te spreek dat die NG kerk 'n ouerwordende kerk is en dat daar binnekort nie meer jongmense in die kerk gaan wees nie. Ons het nie noodwendig die antwoorde op alles nie, maar ons wil mekaar help om aan te hou dink en te bid en te werk en ruimte maak vir God se werk. Daarom vra ons die volgende:

3.2.1 WAT REEDS GEBEUR MOET AANHOU GEBEUR

- **Skolebediening**
  Ons land se skoolgronde bly een van die grootste missionale ruimtes vir die kerk en gespesialiseerde aandag is nodig om die kerk te help dink oor die wyses waarop gemeentes by skole kan dien.
- **Kategese**
  Die teologiese nadenke rondom en ontwikkeling van materiaal wat jongmense, ouers en gemeentes kan help om te leer is nie 'n saak wat ons kan laat los nie.
- **#Imagine**
  Op beide missionale en ekumeniese vlak het #Imagine die afgelope ses jaar die NG kerk geweldig gehelp om nuwe grond oop te breek. Met meer as 600 gemeentes wat by #Imagine betrokke is, sal ons graag wil sien dat die ondersteuning van die beweging voortgaan en selfs verbeter word.

3.2.2 WAT NOG NIE GEBEUR NIE MOET MEE BEGIN WORD

- **Navorsing oor jongvolwassenes**
  Die wêreldwye tendens dat jongvolwassenes nie tuiskom in gemeentes nie is iets wat ons ook ondervind maar nog nie goed genoeg verstaan nie. Ons hoop dat daar in die volgende siklus navorsing oor hierdie tendens gedoen kan word.
- **Standaardisering van opleiding van jeugbegeleiers**
  Deur die netwerke wat gevorm is het ons agtergekom hoe divers die opleiding van jeugbedienaars tans is. Ons sal graag wil sien dat daar gewerk word na meer gestandaardiseerde opleiding.
- **Die grondvat van inter-ouderdom- en deelnemende eredienste**
  Eredienste bly een van die belangrikste ontmoetingsplekke van die kerk. Ons ervaring is dat te veel jongmense en families nog eredienste as uitsluitend en onvriendelik beleef. Ons hoop dat die denke rondom en implementering van inter-ouderdom- en deelnemende eredienste aandag kan geniet.
- **Verbeeldingryke missionale bedieningsmoontlikhede**
  #Imagine ontwikkel ‘n model om vaardigheidsontwikkeling by kerke te implementeer sodat jongmense beter toegerus kan word om ‘n werk te kry en ‘n werk te hou (*employability*). Die taakspan vir skolebediening het ’n program waardeur gemeentes waarde-ontwikkeling by skole kan doen. Ons hoop dat die kerk die moontlikhede van missionale bedieninge soos hierdie vorentoe sal ondersoek en ontgin.